Sanlam

Februarie 2018

# Wat is Regulasie 28?

Regulasie 28 gee uitvoering aan Artikel 36(1) (bB) van die Pensioenfondswet. Dié wet beperk die mate waartoe aftreefondse (soos uittree-annuïteite) in spesifieke tipes kategorieë of bates mag belê. Die hoofdoel van Regulasie 28 is om die lede se aftreevoorsiening te beskerm teen die uitwerking van beleggingsportefeuljes wat onvoldoende gediversifiseer is.

Dit word gedoen deur 'n beperking te plaas op die maksimum blootstelling aan meer aggressiewe bateklasse wanneer beleggingsfondse geselekteer word. Dit speel 'n belangrike rol om te probeer sekermaak dat lede se aftreespaargeld hulle van voldoende inkomste ná aftrede voorsien.

Die belangrikste Regulasie 28-beperkings op die bateklasse is soos volg:

- Aandele 75%
- Genoteerde eiendom 25%
- Buitelandse bates 30%*
- Verskansingsfondse 10%

**Soos voorgeskryf deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank.*

Die maksimum moontlike blootstelling aan elke beperkte bateklas word vir elke beleggingsfonds verskaf volgens sy beleggingsmandaat. Die persentasie van die huidige belegging en toekomstige bydraes wat aan geselekteerde beleggingsfondse toegewys word, moet op so 'n wyse gekies word dat die totale aftreefondsplan binne hierdie beperkinge bly.

Alle nuwe aftreefondsplanne wat op of ná 1 April 2011 uitgereik is, moet hierdie batelimiete nakom. Die toets vir nakoming van Regulasie 28 word by die aanvang van 'n plan gedoen en ná uitreiking moet hierdie planne ten alle tye steeds die Regulasie nakom.

Alle aftreefondsplanne wat vóór 1 April 2011 uitgereik is en waarop sekere veranderinge daarná in werking gestel word, moet aan hierdie beperkinge op bates voldoen van die datum waarop die verandering aangebring word en hierdie planne moet ten alle tye daarná die Regulasie nakom. Hierdie veranderinge sluit in:

- verhoging van die herhalende bydrae op 'n ad hoc-grondslag
- byvoeging van eenmalige bydraes
- byvoeging van kontraktuele jaarlikse bydraeverhoging
- omskakeling tussen beleggingsfondse
- verandering aan die toewysing van toekomstige bydraes tussen beleggingsfondse
- verandering aan die betalingsfrekwensie van die bydraes

Gesels met jou Sanlam Finansiële Adviseur of geakkrediteerde makelaar vir advies en bystand om die mees geskikte beleggingstrategie en -portefeulje te bepaal vir jou aftreespaargeld en beplande inkomstestrategie ná aftrede.



Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.